

Duimpie

Duimpie,
Duimpie se maat,
Langeraad,
Fielafooi,
Pieps in die kooi!
(of Vang a vlooi!)

TRADISIONEEL (DJ OPPERMAN SE KLEUTERVERSEBOEK)

Apie

Daar is 'n apie
op 'n stokkie
voor my ma
se agterdeur,
daar's 'n gaatjie
in sy broekie
en sy stertjie
loer daardeur.

Vingerling

Duimpie het in die
water geval,
Lekkepot het hom
uitgehaal,
Langeraad het hom
huis toe gedra,
Fielafooi het hom
neergelê,
en Pinkie het vir
Ma gaan sê.

TRADISIONEEL (DJ OPPERMAN SE KLEUTERVERSEBOEK)

Trippe trappe trone

Trippe trappe trone,
die varkies in die bone,
gansies op die groene gras,
eendjies in die waterplas,
ek wens dat kindjie
groter was
om Ouma se eendjie
op te pas.

TRADISIONEEL (FAK)